# 1000 JAAR VAN VREDE (Millennium)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-oOo-

**Openbaring 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**

**Openbaring 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,**

**Openbaring 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.**

**Openbaring 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.**

**Openbaring 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.**

**Openbaring 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

**Openbaring 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;**

**Openbaring 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.**

**Openbaring 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.**

**Openbaring 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

In die vorige leringe het ek 'n redelike agtergrond geskets van wat in die laaste dae sal gebeur, asook in die 7 jaar van die regering van die Antichris op aarde.

## 1. DIE VRAAG IS NOU: *Wat gaan in die Millennium gebeur?*

Die millennium breek aan, die oomblik wanneer Christus en Sy bruid die duiwel gebind en in die bodemlose put gewerp het. Dan begin die 1000 jaar van vrede - die 7de dag van rus. Ses dae moes die mens gearbei en sy werk gedoen het. Hierdie 6 dae (6000 jaar), het begin toe Adam en Eva uit die tuin verwyder is.

-o0o-

Génesis 3:23 Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.

Dit het nie in die tuin van Eden gebeur nie, want daar het God vir almal gesorg. Niemand weet hoe lank hulle in die tuin van Eden gebly het nie, dit kan miljoene jare wees. Die Bybel is nie duidelik daaromtrent nie. Maar die punt is dit: tyd het begin tik die oomblik toe hulle uit die tuin van Eden weggestuur is. Daar het die 1ste dag in die tydperk van werk begin, en vir 6 dae het ons gewerk. Nou gaan die 7de dag van rus aanbreek, die millennium. Dit is wanneer daar totale vrede op aarde gaan wees.

- My opinie is dat ons sal beleef dit wat Adam en Eva in die tuin van Eden ervaar het.
- Daar sal vrede wees.
- Daar sal geen sonde wees nie, want daar is nie ‘n duiwel of enige gevalle engel of ‘n demoon wat die mens sonde kan laat doen nie.
- Alle mense is vry, want alle demone is uit die mense uit. Alhoewel baie van hulle nie gered is nie, is hulle demoon ‘vry’ as julle dit so kan verstaan, want die hele aarde is vrygemaak van enige werkers van satan.
- Baie is egter nie gered nie, en ek glo diegene wie nie gered is nie, gaan die slawe van sonde word.

### A. Waarom Noem Die Bybel Hulle Slawe Van Sonde?

Johannes 8:34 Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, ‘n dienskneg van die sonde is.

- Ek het ‘n idee dat hulle vir ons gaan werk. Die Bybel sê die Bruidegom en die bruid gaan saam regeer. Die mense wat uit die verdrukking kom, die Josefs en die Jode, gaan ook vir 1000 jaar lank saam regeer.

### B. Oor Wie Gaan Hulle Regeer?

Openbaring 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

- Hulle moet regeer oor hierdie slawe van sonde. Hulle gaan ons werkers wees want hulle het die keuse gehad.
- Slegs diegene wie **in** die Here is, kan die 7de dag van rus ingaan.
- Die ander gaan nie die 7de dag van rus in nie, want vir hulle tel die evangelie nie, hulle was nooit deel van die evangelie nie. Hulle moet werk.

Ons moet onthou dat daar geen geld sal wees, geen politiek nie, niks. Christus Jesus is Koning oor die hele aarde en Hy heers dan vanuit Jerusalem, saam met Sy bruid. Dit is belangrik om in gedagte te hou: ‘n bruid is bruid omdat sy borste het, en die borste voed, dit is die El Shaddai eienskap van God.

- Sommige sal hoender boere wees, ander melkboere, ander groente boere ensovoorts, maar ons sal vir mekaar voorsien. Ek noem nou maar menslike dinge, ek weet nie regtig wat daar gaan gebeur nie, maar menslik gesproke sal niemand ‘n tekort hê nie. Niemand sal oorheers nie, almal sal gee, soos ‘n moeder vir haar kinders sorg, en soog en voorsien, so sal die bruid net voorsien en gee.

-o0o-

## 2. GODDELIKE VREDE

- Daar sal totale vrede op aarde wees.
- Geen oorloë, geen kwaad, geen siektes. Dink net vir ‘n duisend jaar lank sal daar geen siekte op aarde wees nie,
- Geen tekort aan enigiets nie.
- Geen reën tekort, geen voedsel tekort, alles sal oorvloedig wees.
- Daar is nie ‘n doringboom nie, alle vloeke is gebreek, al die vloeke wat in Génesis uitgespreek is sal tot niet wees.
- Dit sal een groot paradys op aarde wees, met Christus wat regeer.
- Daar sal geen droogte wees, geen jakkalse wat skape vang nie, jakkalse sal saam met die skape loop.
- Daar sal totale vrede op aarde wees, tussen mens en mens, tussen God en mens maar ook tussen mens en dier.
- Ons sal met die diere kan praat, soos Adam en Eva met hulle gekommunikeer het, totdat hierdie 1000 jaar voleindig het.

Jesaja 11:6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja.

Jesaja 11:7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;

Jesaja 11:8 en die suigling speel by die gat van ‘n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van ‘n basilisk.

Jesaja 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek.

Die diere sal weer in vrede met die mens lewe, want Christus het Goddelike vrede op aarde gebring, en waar Christus is, is vrede. Waar die Here is, daar is Sy Gees, en waar Sy Gees is, daar is vrede. Almal sal mekaar liefhê.

## 3. KINDERS

i. Die Bybel maak melding van kinders.
ii. Waar kom hierdie kinders vandaan, siende dat daar nie meer huwelike is nie.

Galásiërs 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

Perry Stone het ‘n baie mooi lering waarvan ek baie hou, en waarmee ek kan saamstem. Hy sê toe God oorspronklik beplan het om alles te maak, was daar Gees in God wat mens moes word, soos ek en jy. Want dit is die asem wat God in die mens ingeblaas het sodat ons ‘n lewende siel kon word.

Génesis 2:7 En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword.

God het vir elke mens op aarde ‘n beplanning gemaak, maar die sonde het die dood ingebring en daar is mense doodgemaak, soos byvoorbeeld Abel. Die Almagtige het reeds voor die grondlegging van die wêreld ook beplan dat Abel ‘n nageslag sal hê. Daardie nageslag het nooit bestaan nie, want satan het deur sonde die reg gekry om vir Abel dood te maak. Dieselfde het met baie ander dwarsdeur die Bybel gebeur. Dalk is daar iemand in jou familie, mans wat doodgemaak is, wat nooit bestaan het nie. Ek verwys nou net na mans, want hulle dra die lewende bloed in hulle saad.

-o0o-

Die Bybel verwys ook na *'in hulle lendene'*, is daar 'n nageslag geskrywe.

Génesis 35:11 Verder sê God vir hom: Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n Nasie, ja, 'n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom.

VRAAG: Wat van daardie mense wat nog veronderstel was, soos deur God beplan om mens te wees? Hulle wat as gevolg van die dood wat satan oor hulle gebring het, soos met Abel, Simson, en al hierdie ander wat doodgemaak is deur al die millenniums? Daardie geeste is nog steeds by God.

Nou sê die Bybel vir ons: Maleági 2:15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie.

**Wat Is Daardie Gees?**

- Daardie gees was veronderstel om mense te word.
- Dit is belangrik om te verstaan dat ons nie veronderstel is om **gees** te bly nie.
- Ons **was** gees, maar nou **is** ons vlees - ons is mense.
- Geen gees wat in daardie vorm is, wat nog in God se neus/mond is, en veronderstel was om mense te word, kan ewigheid toe gaan nie, dit moet mens word.
- Perry Stone sê hy glo dat daardie kinders wat in die millennium tyd by die gat van die adder speel, kinders is wat voortgebring gaan word deur die eenheid wat gevorm word deur Christus en Sy bruid.

Ek kan nie verduidelik hoe dit gaan werk nie, want ek weet nie, maar ek glo hulle huwelik gaan daardie mense voortbring.

- Hulle het wel nooit die voorreg gehad om mens op aarde te wees nie, maar hulle gaan in die millennium deur die Bruidegom en Sy bruid mens gemaak word - in verheerlikte liggame natuurlik. Nie vlees en bloed soos ek en jy nou nie, maar verheerlikte liggame.
- Dit wil sê, hulle gaan 'n menslike gestalte aanneem soos wat ek en jy die menslike gestalte aangeneem het, en hulle sal dan ook ewigheid toe gaan. Ek probeer om dit in menslike taal te verduidelik maar dit is diep Goddelike dinge, hierdie. Ons moet die geestelike realm ook verstaan rondom al hierdie dinge.
- Dit sal 'n 1000 jaar wees wanneer ons as konings gaan regeer op die aarde. 'n Koning het 'n heerskappy waaroor hy regeer, so ons gaan dan oor hierdie areas regeer.
- Ons sal in mekaar se behoeftes voorsien, dit is waarom ons hier op aarde reeds moet leer om die heiliges se behoeftes aan te vul.
- Ons sal absoluut net 'n dienswerk aan mekaar lewer, geen hebsug nie. Jy sal net 1 begeerte hê en dit is om die Here te dien en Sy woord te vervul, en om die persoon langs jou te seën, en omdat jy gee sal daar vir jou gegee word. Wat 'n wonderlike tyd sal dit wees !
- Ons sal in hierdie 7de dag van rus direkte kontak met die Bruidegom hê, waarin ons sal rus van al hierdie ellendes en swaarkry.

Openbaring 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.

Openbaring 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Openbaring 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;

Openbaring 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

-o0o-

Openbaring 20:9  En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.

Openbaring 20:10  En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

## 4. NÁ DIE MILLENNUIM

Daarná sal die duiwel losgemaak word en oor die hele aarde sal hy heengaan. Hy sal al hierdie slawe van sonde bymekaar maak, hulle beïnvloed om dan teen Christus en die bruid op te staan. Dit is wanneer die slag van Armagéddon sal plaasvind, in die Jísreël-vallei. Die oorlog van die Gog en die Magog. Dan sal God hulle self verdelg met vuur uit Sy mond.

**My vraag:** Jy het nou na al hierdie leringe geluister, waar staan jy?

- Is jy verlore,
- of deel van die mense wat deur die verdrukking sal gaan,
- of deel van die bruid.

Slegs jy ken die antwoord. Dit is nou tyd dat ons wakker moet word, en ons plek as bruid inneem, en nie net as ‘n gelowige nie.

Die enigste manier waarop jy al hierdie dinge gaan ontsnap, is deur weggeraap te word, voor die Antichris gaan opstaan en duisternis op die aarde gaan toesak. Duisternis kan nie heers in die aanwesigheid van lig nie. Die lig en sout moet eers weg wees voordat die duisternis kan toesak en die aarde vrot kan word.

Die Here seën julle!

-o0o-

( Jísreël-vallei foto hieronder )


↓

## JISREËL-VALLEI

Suid-westelike uitsig van die top van Berg Tabor na ’n gedeelte van Jísreël-vallei, ook bekend as die Vlakte van Esdraelon. Alhoewel die Jísreël-vallei dikwels beskou word as een groot vallei, is dit eintlik ’n reeks van valleie wat die Vlakte van Akko met die Jordaanvallei en die See van Galiléa-streek met mekaar verbind. Die vallei van Megíddo, byvoorbeeld, is in die westelike gedeelte van hierdie vallei. Die Jísreël-vallei was die hoofroete deur die Heilige Land en tussen die Middellandse See aan die weste en die Jordaanvallei aan die ooste.



***Betekenisvolle Gebeure**:* Die vernaamste hoofweg wat Egipte en Mesopotamië verbind strek deur hierdie vallei, en baie veldslae het daar plaasgevind (Rigt 1:22–27; 5:19; 2 Kon. 23:29–30). Die laaste groot stryd in hierdie land begin met die veldslag van Armagéddon, wat sal plaasvind kort voor die Tweede Koms van die Saligmaker; dit ontleen sy naam aan *Har Megíddon,* of Berg van Megíddo (Eség. 38; Joël 3:9–14; Sag. 14:2–5; Openb. 16:14–16).




-o0o-